The House of Fibre (Pty) Ltd: 1972/012427/07

**25 Maart 2020**

**RE: DIE REËLINGS TYDENS "LOCK DOWN"**

Beste HOUSE OF FIBRE kliënt,

Die huidige wanorde en paniek as gevolg van die Coronavirus raak alle besighede negatief, insluitend u besigheid op die plaas. Hierdie situasie is ongelukkig baie sleg vir almal, maar dit is niemand in Suid-Afrika se skuld nie. Die enigste oplossing vir die probleem is om alle pogings wat deur die regering ingestel is na te streef tot in die fynste besonderhede en om mekaar by te staan. Daar is baie goed beraadslaag met alle betrokke partye voordat die volgende besluite geneem is rakende THE HOUSE OF FIBRE.

1. Alle skeerspanne onder kontrak by House of Fibre word onmiddelik onttrek en huistoe gestuur tot 16 April 2020. Die skeerprogram sal daarna voort gesit word.

2. Die House of Fibre pakhuis in Patterson Weg 50, sal gesluit wees vanaf 27 Maart 2020 tot 16 April 2020. Geen sybokhaar sal ontvang word gedurende hierdie tydperk nie. Die BKB wolpakhuis in Grahamstad Weg sal ook gesluit wees vir alle House of Fibre wol ontvangstes vanaf ons kliënte vir dieselfde tydperk.

3. Die sybokhaarveiling van 7 April word voorlopig oorgedra na 28 April 2020.

4. Die volgende sybokhaarveiling daarna sal gehou word op 12 Mei. Die inname van die veiling sluit op 20 April.

5. Die laaste veiling van die somer verkoopsseisoen word aangebied op 9 Junie 2020. Die inname van die veiling sal sluit op 18 Mei. Al die sybokhaarveilingsdatums is onderhewig aan toestande soos tans. **(Indien enige van die besonderhede verander byvoorbeeld, die "lock down" word in Suid-Afrika, Europa of die Ooste verleng, dan verval die huidige reëlings. Die Sybokhaarkopersvereniging en Makelaarsvereniging sal u onmiddelik van nuwe reëlings in kennis stel.)**

6. Alle wolveilings is gestop tot na die opheffing van die "lock down" in Suid-Afrika.

7. Geen velddienste word toegelaat nie, insluitend enige verhandeling van vee deur 'n veldbeampte gedurende die tydperk van "lock down" nie.

8. Voorskotte op skeersels gaan voort. Kontak House of Fibre rekenmeester.

9. Alle House of Fibre personeel sal telefonies beskikbaar wees. (Dit is nie 'n vakansie nie!)

50 Paterson Road, North End, Port Elizabeth, 6001
Ph: 041 503 3460 Fax: 086 608 2224 Web: www.house-of-fibre.co.za
Email: leizl.vandervyver@house-of-fibre.co.za
House of Fibre Houseoffibre

10. The house of Fibre beveel baie sterk aan dat alle vesel wat in die tydperk noodgedwonge op die plaas geberg word, geweeg word en agter slot en grendel geberg word. Indien iets met u vesel gedurende die tyd sou gebeur, is dit ten volle verseker, maar dit is net handig om die nodige bewyse te hê.

11. Die RMS (Responsible Mohair Standards) is amptelik internasionaal op 16 Maart bekend gestel. Die inligting- en promosieveldtog deur Sybokhaar Suid-Afrika is gekortwiek deur die nuutste verwikkelinge. Die inligtingsvergaderings gereël in die produksie gebied moes gekanselleer word as gevolg van die "lock down" Sybokhaar Suid-Afrika se personeel sal egter soveel boere moontlik telefonies skakel met algemene inligting rondom RMS. (Inligting ook op bedryfs webwerwe beskikbaar.) Die huidige somer verkoopsseisoen is die laaste seisoen waar die CSM volhoubaarheidstelsel van Sybokhaar Suid-Afrika geldig is. Vanaf die nuwe verkoopsseisoen wat in Augustus begin, word slegs RMS as 'n volhoubaarheidstelsel herken. Alhoewel die deelname vrywillig is, beveel The HOUSE of Fibre dit sterk aan dat u moet deelneem. Kontak gerus jou plaaslike veldbeampte, wat sal reël dat 'n assessor jou kom besoek op die plaas om die proses aan die gang te sit. Indien u alreeds gekwalifiseer het vir RWS (Responsible Wool Standards) is dit nie nodig dat u 'n tweede keer besoek word nie, u kwalifiseer outomaties vir RMS.

12. Die BKB handelstakke bly oop tydens die "lock down" periode. The House of Fibre wol/sybokhaarbale is nou beskikbaar. Vra net vir die kassiere by die BKB handelstak daarna. Die wit bokhaarsakke met die sybokhaarbedryfslogo op sal binnekort beskikbaar wees.

Vir enige inligting kontak die veldbeamptes gelys onderaan:

| | |
|---|---|
| Cassie Carstens | - 063 690 6663 |
| Gary Willows | - 063 688 8977 |
| Hardie Van der Heever | - 066 056 8761 |
| Johan Botes | - 063 688 8973 |
| Johannes De Jager | - 063 688 8949 |
| Roche Jongkind | - 066 056 9523 |

Vir finansieledienste, kontak asb. ons se Rekenmeester, Preston Peters op 066 057 1535 of per e-pos by preston.peters@house-of-fibre.co.za, of skakel ons kantoor op 041 503 3460 of per e-pos by info@house-of-fibre.co.za

**Groete,**

**The House of Fibre Bestuurde**

50 Paterson Road, North End, Port Elizabeth, 6001
Ph: 041 503 3460 Fax: 086 608 2224 Web: www.house-of-fibre.co.za
Email: info.vandervyver@house-of-fibre.co.za
House of Fibre Houseoffibre